OPSOMMING

Kinders ondervind lewenskrisisse en normale ontwikkelingsprobleme. Hierdie studie is daarop gemik om te beklemtoon dat fiksie 'n rol kan speel om kinders te help om sekere lewenskrisisse en normale ontwikkelingsprobleme te hanteer.'n Bespreking van die aard van die biblioterapeutiese proses het aangetoon dat fiksie 'n besondere rol speel in die sukses daarvan.

'n Model is ontwerp vir die keuring van fiksie vir die biblioterapeutiese proses. Keuringskriteria is ontwikkel vir die leser sowel as die leesstof. Hierdie keuringskriteria maak dit moontlik om die regte boek en die regte leser bymekaar te bring. Tabelle is ontwerp vir die keuringskriteria vir die leser en die leesstof. Verhale oor lewenskrisisse by kinders wat verband hou met dood en egskeiding asook normale ontwikkelingsprobleme oor vrees vir verwerping deur die groep en vrees vir die aanleer van vaardighede is geëvalueer volgens die kriteria. Hiervolgens is dit moontlik om boeke te keur vir die biblioterapeutiese proses.